## Voorsetsels

**Voorsetsels** dui die **verhouding** tussen woorde aan. Dit wys waar en hoe die **onderwerp** in die sin optree, bv. op, aan, tot, by, met, van, om, na, in, uit, vir.

Voorsetsels word dikwels verkeerd gebruik, veral wanneer ons dit in ons algemene spreektaal nie korrek gebruik nie.

**Voorbeelde**:
- jou toevlug neem **in/aan** × – jou toevlug neem **tot** ✓
- **in** medelye met × – **uit** medelye met ✓

1. Voltooi die uitdrukkings deur die korrekte voorsetsel in te vul.

 a) Die wind het die vlag _______ flarde geskeur.

 b) Julle moet asseblief kennis neem _______ die vergadering.

 c) Almal sal baat vind _______ die fondsinsameling

 d) By gebrek _______ ervaring, het hy foute gemaak.

 e) Te danke _______ almal se hulp, het ons die doel bereik.

 f) Jy was _______ jouself van woede!

 g) Die winkel toon ’n afname _______ wins.

 h) Jy sal iemand moet nader _______ ’n voorstel.

 i) _______ die oog op die funksie wat voorlê, moet ons reeds die bestelling plaas.

 j) Die gevangene smeek _______ genade.

 k) _______ leiding van die kaptein het hulle maklik gewen.

 l) Sy verskyn op aanklag _______ moord in die hof.

 m) Die wet is van toepassing _______ almal.

 n) Dit is _______ slot van rekening sy keuse om te maak.

 o) Op grond _______ die bewyse sal hy aangekla word.

 p) _______ versoek van die leerders sal die sanger genooi word.

 q) Jy moet aandring _______ jou regte.

 r) Ons sal beswaar maak _______ sy vrylating.

 s) Hulle gaan weerstand bied _______ die besluit wat afgedwing word.

 t) Jy kan nie ten koste _______ ander jou sin kry nie.

 u) Uit eerbied _______ die ontslape leier, sal hulle respek betoon.

 v) Die kwaai man is baie kort _______ draad.


© Oxford University Press Southern Africa

2. Gebruik die vaste uitdrukkings met die korrekte voorsetsels in goeie sinne om die betekenis duidelik aan te toon.

**Wenke**

Idiome en spreekwoorde is soorte vaste uitdrukkings.

a) **onder** eed verklaar

_______________________________________________

_______________________________________________

b) **op** jou hoede

_______________________________________________

_______________________________________________

c) **ten** bedrae **van**

_______________________________________________

_______________________________________________

d) **by** benadering

_______________________________________________

_______________________________________________

e) **na** gelang **van**

_______________________________________________

_______________________________________________

f) ontbloot **van** alle waarheid

_______________________________________________

_______________________________________________

g) ’n rat **voor** die oë

_______________________________________________

_______________________________________________

© Oxford University Press Southern Africa